26 September 2009

Hou ’n oog oop vir Harmony

Die SA Reserwebank het vandeesweek soos verwag rentekoerse onveranderd gelaat.

Daardeur sê die bank onder meer die risiko van die land se vooruitsigte vir inflasie “lyk gebalanseerd” en gegewe die huidige beleid behoort inflasie verder terug te sak.

Daar is aanduidings dat die onderste draaipunt van ekonomiese uitset bereik is, maar ook dat die herstel baie stadig gaan wees. Daar is ook die risiko dat die internasionale ekonomiese herstel kortstondig kan wees as vraag nie verder toeneem nie.

Kleinhandelafset het in Julie vanjaar met 3,9% gedaal teenoor dieselfde tydperk verlede jaar, wat aansienlik minder is as die 6,9% in Junie. Dit ondersteun ander aanduidings dat die Suid-Afrikaanse resessie einde se kant toe staan.

Die Reserwebank het rentekoerse sedert Desember verlede jaar reeds met 5 persentasiepunte verlaag. Hiermee saam het inflasie in Augustus op 6,4% te staan gekom teenoor die 6,7% in Julie.

Die goudprys het verlede week deur die $1 000-vlak gebreek, die hoogste vlak in 18 maande. Dit is deur ’n aantal faktore meegebring insluitend ’n swakker Amerikaanse dollar, inflasie-verwagtinge en toenemende spekulatiewe vraag na die edelmetaal.

Platinum-aandele het in die afgelope 12 maande beter as goudaandele gevaar, maar die situasie is besig om te verander.

Goudmyne wat as marginaal beskou word, myn tussen 4 tot 6 onse goud per ton erts. Die graad van die erts waarvan die goud verkry moet word, sal bepaal hoeveel daarvan verwerk moet word om die ons goud te verkry. Maar omdat die goudprys bo die vlak van $1 000 per ons is en goudmyne in die laaste tyd heelwat koste gesny het, kon hul marges nou vinniger styg as dié van platinum-myne.

Die boonste deel van die meegaande grafiek toon dat die JSE se goudmyn-indeks tans bo sy bewegende gemiddeldes verhandel met die tendens wat bulagtig begin vertoon. Die onderste deel van die grafiek dui aan dat die JSE se goudmyn-indeks volgens sy relatiewe sterkte-aanwyser beter as die JSE se platinumindeks begin vaar. Dit het ook uit ’n dalende wig-formasie na bo gebreek wat gewoonlik aandui dat ’n skerp ommeswaai in die tendens op hande is.

Harmony het in die boekjaar tot Junie 1,46 miljoen onse goud geproduseer, wat dit een van die wêreld se grootste goudprodusente maak. Dié goudmyn se totale goudproduksie het in die afgelope kwartaal met 1% gestyg. Die myn het ’n dividend van 50c betaal – die eerste dividend in vyf jaar.

Harmony se aandeelprys verhandel tans bo sy bewegende gemiddeldes nadat dit skerp na bo sy afwaartse weerstandsvlak beweeg het. Sy aandeelprys het skerp gestyg, maar tot in oorgekoopte gebied beweeg. Belangstellende beleggers behoort eerder vir winsneming te wag en dan ’n transaksie oorweeg om ’n volgende oplewing in die aandeelprys te benut.

- Shaun van den Berg is hoof- tegniese analis van PSG Online